Downloaded from Stanmorephysics.com

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2021

**10022**

**AFRIKAANS**

**EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 2**

**TYD:** 2½ uur

**PUNTE:** 70

**31 bladsye**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommer van die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae aandagtig deur en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Roman (35)
   AFDELING B: Drama (35)
   AFDELING C: Kortverhale (35)
   AFDELING D: Gedigte (35)

3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

   Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

7. Bestee ongeveer 75 minute aan elke afdeling.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com


**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.

**AFDELING A: ROMAN**

Beantwoord slegs EEN vraag.


| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|
| 1. *Kringe in 'n bos* | 35 | **Nie in Gauteng getoets nie** |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | **5** |
| 3. *Meeulanders* | 35 | **Nie in Gauteng getoets nie** |
| 4. *Lien se lankstaanskoene* | 35 | **10** |


**OF**

**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord slegs EEN vraag.


| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|
| 5. *Poppie – die drama* | 35 | **Nie in Gauteng getoets nie** |
| 6. *Paljas* | 35 | **15** |
| 7. *Fiela se kind – die drama* | 35 | **19** |


**OF**

**AFDELING C: KORTVERHALE**

Beantwoord ALBEI vrae.


| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|
| 8.1 "Oom Dries se sorge met Jantjie" | 18 | **23** |
| | **EN** | |
| 8.2 "Die weldoener" | 17 | **25** |


**OF**

**AFDELING D: GEDIGTE**

Beantwoord ALBEI vrae.


| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|
| 9.1 "Boekmerk" | 18 | **28** |
| | **EN** | |
| 9.2 "Ek het 'n huisie by die see" | 17 | **30** |

Downloaded from Stanmorephysics.com



**KONTROLELYS**

**Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.**

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | GETAL VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Roman | 1 – 4 | 1 | |
| | | | |
| B: Drama | 5 – 7 | 1 | |
| | | | |
| C: Kortverhale | 8 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | | |
| D: Gedigte | 9 | 1 (2 gedigte) | |
| **LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het. | | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com



## AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

**VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

**HIERDIE ROMAN WORD NIE IN GAUTENG GETOETS NIE**

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

Nou sit ek op my bed, langs 'n flikkerende kers op 'n omgekeerde boks, en wonder waaroor ek kan dig. Ek sien niks in die kamer wat my inspireer nie. Dis 'n baie basiese vertrek, omtrent so groot soos 'n tronksel, met 'n kaal houtvloer, twee bewerige ysterkatels en vier hake waaraan 'n paar kledingstukke opgehang kan word. Die hake sit bokant 'n klein venstertjie, sodat die hangende klere sommer ook as gordyne kan dien. G'n plafon nie, net swaar houtbalke wat die rietdak stut. G'n matjie of muurversiering nie. 'n Eenvoudige, koue kamer. Dis al.

Hoe gaan daardie versie nou weer?
*Dis die vloer,*
*dis die muur,*
*dis die donkerste uur.*
*Dis al.*
*Dis die pen in my hand,*
*dis die leë papier,*
*dis die bitterste uur.*
*Dis al.*
Hanna Hoekom. Winter 2002. Bitterberg.

Oukei, ek weet, dis nou nie juis Antjie Krog nie. Maar sy moes ook iewers begin. Ek sal my eerste versie *Stillewe* noem. Ter nagedagtenis aan my eerste speurverhaal wat so vroeg moes sneuwel.

***

Ek het gedog 'n gedig sou makliker as 'n speurverhaal wees. 'n Gedig het nie 'n spannende storielyn of 'n geloofwaardige ontknoping nodig nie. Net woorde.

Nou weet ek van beter.
Die bom bars oor middagete.

Downloaded from Stanmorephysics.com


2.1 "… en wonder waaroor ek kan dig." (Reëls 1 – 2)

Wie het hier op die berg vir Hanna die idee gegee om ŉ gedig te skryf? (1)

2.2 Hanna se gesin het haar liefde vir lees aangemoedig.

Gee TWEE bewyse uit die roman wat sê waarom hierdie stelling WAAR is. (2)

2.3 "… en wonder waaroor ek kan dig. Ek sien niks in die kamer wat my kan inspireer nie." (Reëls 1 – 2)

Waarom was hierdie woorde van Hanna ironies? (2)

2.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (2.4) en die letter (A–D) neer.

Die berghuis waar Hanna en haar gesin met vakansie was, was met die gesin se aankoms vir Hanna …

A ŉ hool aan die gatkant van Tafelberg.
B baie na aan haar idee van die paradys.
C ŉ teleurstelling omdat dit so eenvoudig was.
D aanvaarbaar danksy die mooi natuur van die omgewing. (1)

2.5 "Dis ŉ baie basiese vertrek, omtrent so groot soos ŉ tronksel, met ŉ kaal houtvloer …" (Reëls 3 – 4)

2.5.1 Waarom het die beskrywing van Hanna se kamer by die res van die huis op die berg gepas? (1)

2.5.2 Hanna vergelyk haar kamer met ŉ tronksel.

Waarom, dink jy, kan ŉ mens verstaan dat Hanna haar kamer met ŉ tronksel vergelyk het? (1)

2.6 "Hanna Hoekom. Winter 2002. Bitterberg." (Reël 18)

Hanna verander die plek se naam van Botterberg na Bitterberg.

Wat sê die woord Bitterberg oor Hanna se houding teenoor die plek waar hulle vakansie gehou het? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


2.7 Hanna was baie ontevrede oor haar vreemde gesin.

Dit was egter nie net haar gesin waaroor sy ontevrede was nie.

2.7.1 Waaroor was Hanna nog ontevrede? Noem TWEE dinge. (2)

2.7.2 Wat het Hanna gedoen om van die werklikheid af weg te vlug? (1)

2.7.3 Dink jy Hanna het rede gehad om so ontevrede oor alles te voel? Motiveer jou antwoord. (1)

2.8 Hanna het kleurvolle mense in haar lewe gehad.

Kies ŉ naam in KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (2.8.1 tot 2.8.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.8.1 | … was ŉ skilder. | A | Yann |
| 2.8.2 | … was ŉ gasspreker by funksies. | B | Mana |
| 2.8.3 | … kon ure lank na musiek luister. | C | Gavin |
| 2.8.4 | … was ŉ modeontwerper van beroep. | D | Margot |
| | | E | Beyers |

(4 × 1) (4)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com



Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

Oukei, ek weet, die koningin is nie so aaklig soos ek eers gedink het nie. Elke nou en dan begin ek amper van haar hou. Maar dan sien ek weer hoe sy agteroor sit terwyl almal help om tafel af te dek of skottelgoed te was. (Selfs Gavin het gisteraand gehelp om hout vir die stoof aan te dra. “Hierdie afskuwelike uitrusting laat my in elk geval soos ŉ bosbouer lyk,” het hy onder ŉ swaar vrag stompe gesteun.) En dan wonder ek weer wie Margot Jordan nou eintlik dink sy is. Haar nooiensvan is *Jordaan*. In Amerika het sy dit *Jordan* gemaak.

***

En nou is ek so verveeld dat ek weer aan Fabienne begin dink. Ek wonder wat sy sou gedoen het as sy hier op die berg vasgekeer was. Maar ek kan my amper nie voorstel dat so iets ooit met haar sou gebeur nie. Fabienne het die soort gesin wat in styl vakansie hou. Hulle het genoeg geld om in deftige hotelle te bly. Of in gemaklike gastehuise. Op eksotiese eilande en sulke soort plekke. Hulle sal beslis nie ŉ bouval op ŉ berg by iemand hoef te leen nie. En aangesien Fabienne saam met haar eie ma en haar eie pa in ŉ huis woon, sonder enige aangelapte stieffamilie, sal sy ook nie met kuiergaste soos Gavin of Margot hoef te sukkel nie.

2.9 ”Oukei, ek weet, die koningin is nie so aaklig soos ek eers gedink het nie.” (Reël 1)

2.9.1 Wie is hier aan die woord? (1)

2.9.2 Hoe het die koningin by die res van die gesin ingepas? Noem TWEE feite. (2)

2.9.3 Die spreker was vroeg in die verhaal baie negatief teenoor die koningin.

Noem DRIE dinge wat die koningin gedoen het wat die spreker se gesindheid verander het. (3)

2.9.4 Waarom was dit eintlik ŉ ongemaklike situasie dat die koningin besluit het om juis tydens die vakansie by die gesin op die berg te kom kuier? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


2.10 "In Amerika het sy dit *Jordan* gemaak." (Reëls 7 – 8)

2.10.1 Waarom het Margot haar van in Amerika na Jordan verander? (1)

2.10.2 Dink jy kunstenaars moet hulle (Afrikaanse) name verander om suksesvol te kan wees? Motiveer jou antwoord. (1)

2.11 "En nou is ek so verveeld dat ek weer aan Fabienne begin dink." (Reël 9)

2.11.1 Wie is Fabienne? (1)

2.11.2 Waarom het die spreker amper van Fabienne vergeet? (1)

2.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (2.12) neer.

Die skrywer van Fabienne se verhaal skryf eintlik ŉ storie oor haar eie probleme en lewe.

Juis daarom is Fabienne se pa ŉ …

A akteur.
B tandarts.
C eiendomsagent.
D modeontwerper. (1)

2.13 Die gebeure hieronder is deel van Hanna se familievakansie.

Skryf die vier gebeure onder mekaar in die VOLGORDE soos wat dit in die roman gebeur het, neer:

- Margot kom kuier by haar kinders in die huis op die berg.
- Hanna se nuwe babasussie word gebore.
- Sharon, Hanna se beste vriendin, kom kuier ook in die huis op die berg.
- Gavin sluit hom by die familievakansie aan. (4)

2.14 "…sal sy ook nie met kuiergaste soos Gavin of Margot hoef te sukkel nie." (Reëls 16 – 17)

Gavin is Hanna se biologiese pa.

Waarom is dit vreemd dat Gavin Hanna se pa is? (1)

2.15 Dink jy dit is ŉ goeie idee om deur skryfwerk van jou eie probleme te probeer vergeet? Motiveer jou antwoord. (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com



**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

**HIERDIE ROMAN WORD NIE IN GAUTENG GETOETS NIE**

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

Dis doodstil in die woonstel. Braam is ook nie by die huis nie. Sy smeer ŉ stuk brood en sny skuldig die laaste stukkie kaas vir haar toebroodjie. Daar is nog ŉ halwe tamatie in die leë yskas en sy sit dit bo-op die kaas. Sy weet nie wat hulle vanaand gaan eet nie en of haar ma enigsins aan kos gaan dink waar sy en haar chroniese *runny tummy* hulle ook al mag bevind nie. Sy maak koffie met van die aaklige, goedkoop poeierkoffie wat hulle die vorige Saterdag op *special* by Pick ŉ Pay gekoop het. Haar ma sal darem seker iets koop om te eet, hoop Lien.

Sy gaan sit in die sitkamer en luister na die karre onder in die straat. Dis hemel op aarde om so alleen in die woonstel te wees.

Sy wonder oor Wouter. Is hy al moeg oor sy mislik is met die ander kinders by die skool? Sy kom agter hy is ongemaklik as sy haar so eenkant hou. Hy het haar aangemoedig om vir die oudisie te gaan. Hoekom wil hy so graag hê sy moet aan die simpel toneelstuk deelneem?

Sy is bang sy verloor hom. Dan het sy regtig niemand om mee te praat nie. Sy kan nie eers met tannie Bets praat oor die goed waaroor sy en Wouter praat nie.

4.1 Waar was Braam gewoonlik smiddae as hy nie by die woonstel was nie? (1)

4.2 Waarom kan ŉ mens verstaan dat Braam redes gesoek het om dikwels weg te wees van die woonstel af? (1)

4.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.3) en die antwoord neer.

Die stilte in die woonstel help die leser om meer te verstaan van Lien se (geheime geldmaakplanne/onbetrokke ma). (1)

4.4 Op watter DRIE maniere het Lien probeer om geld vir kos te verdien? (3)

Downloaded from Stanmorephysics.com



4.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.5) neer.

"Sy weet nie wat hulle vanaand gaan eet nie en of haar ma enigsins aan kos gaan dink waar sy en haar chroniese *runny tummy* hulle ook al mag bevind nie." (Reëls 4 – 6)

Uit Lien se gedagtes lei ons af dat Lien se ma ... was.

A lui
B besig
C werkloos
D onverantwoordelik (1)

4.6 "Sy kom agter hy is ongemaklik as sy haar so eenkant hou." (Reël 13)

Waarom, dink jy, het Lien verkies om alleen te wees? (1)

4.7 "Hy het haar aangemoedig om vir die oudisie te gaan. Hoekom wil hy so graag hê sy moet aan die simpel toneelstuk deelneem?" (Reëls 13 – 15)

4.7.1 Hoe het Wouter se aanmoediging Lien se loopbaankeuse later beïnvloed? (1)

4.7.2 Watter rol het Lien in die toneelstuk gekry? (1)

4.8 Lien se tienerlewe was nie altyd ideaal nie.

Skryf die vier gebeure onder mekaar in die KORREKTE VOLGORDE soos wat dit in die roman gebeur het, neer:

- Lien en haar gesin is in armoede gedompel.
- Lien se gesin is herenig.
- Lien het besluit om self geld te verdien.
- Lien se pa het bedrog gepleeg. (4)

4.9 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (4.9.1 – 4.9.2) neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| formele; | ontspanne; | ondersteunende; | vaderlike |

Lien kon met Wouter identifiseer. Hy het 'n (4.9.1) … rol in haar lewe gespeel. Hy het ook 'n (4.9.2) ... verhouding met haar gehad. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com


4.10 Lien se ma het daardie aand kos gekook en die gesin was gesellig saam.

4.10.1 Watter hoop, dink jy, het dit by Lien en Braam geskep? (1)

4.10.2 Op watter manier het Lien se ma hierdie positiewe atmosfeer vernietig? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

Die corner sonder entertainment

Toe haar selfoon se wekker die volgende oggend afgaan, weet Lien wat sy moet doen. Kort pouse wag sy vir Hein op die stoep toe hulle by die Wiskunde-klas uitkom.

"Hein, ek moet met jou besigheid gesels," val sy sommer met die deur in die huis.

Hein lyk ongemaklik. Hy kyk oor haar skouer na die ander kinders wat by die deur uitbondel. Sy soek na woorde. Dit gaan nie werk om die hele storie hier op die stoep te vertel nie. Sy sal hom iewers moet kry waar hulle rustig kan gesels.

"Sal jy asseblief ná skool saam met my by die Wimpy gaan koffie drink? Ek het ŉ probleem en ek dink jy kan help."

Hein lyk erg verleë en ongemaklik. Hy kyk oor sy skouer.

"Eintlik moet ek … "

"Net tien minute, *promise*."

Hy stem teësinnig in.

***

Toe sy by die Afrikaans-klas uitloop, roep juffrou Breytenbach haar terug.

"Hoe gaan dit met die nek?"

Lien is vir ŉ oomblik uit die veld geslaan. Sy kyk die juffrou onbegrypend aan.

"Jou nek wat jou so uit die skool hou?"

Lien voel sy bloos.

"Beter … uhm … nogal beter."

4.11 "Die corner sonder entertainment" (Reël 1)

4.11.1 Wie was altyd vir die pret op die hoek verantwoordelik? (1)

4.11.2 Watter gebeure sluit by hierdie titel aan? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


4.12 "Hein, ek moet met jou besigheid gesels, ... " (Reël 5)

Wat wou Lien vir Hein vra? (1)

4.13 Hein was die regte persoon vir wie Lien om hulp kon vra.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

4.14 Sekere karakters het tot Lien se moeilike omstandighede bygedra.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (4.14.1 tot 4.14.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.14.1 | Was die oorsaak van Lien en haar gesin se finansiële probleme | A | Braam |
| 4.14.2 | Het in die werkplek onredelik teenoor Lien opgetree | B | Meneer Jooste |
| 4.14.3 | Het aanvaar dat Lien haar liggaam vir geld sou verkoop | C | Dirkie |
| 4.14.4 | Wou geen verantwoordelikhede met Lien deel nie | D | Tant Malie |
| | | E | Sproet |

(4 × 1) (4)

4.15 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.15) en die antwoord neer.

Juffrou Breytenbach het uitgevra oor Lien se nek omdat sy belanggestel het, maar ook (krities/agterdogtig) was oor wat in Lien se lewe aangaan. (1)

4.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.16) neer.

Lien het gebloos (reël 22) omdat sy ...

A haastig was om met Hein besigheid te bespreek.
B besef het juffrou Breytenbach weet dat sy gejok het.
C ongemaklik gevoel het oor die juffrou se belangstelling.
D aan haar afspraak later die middag met Hein gedink het. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com



4.17 Met verwysing na die hele roman, wat sou jy gedoen het as jy in Lien se skoene was? Noem TWEE dinge. (2)

4.18 Wat is die konnotatiewe betekenis van Lien se "lankstaanskoene"? (1)

4.19 In hierdie verhaal het Lien haar geld vir die huis gebruik en om vir Tibbey te help.

Wat sê dit vir ons van Lien se karakter? Noem TWEE feite. (2)

4.20 Na 'n lang ruk het Lien besluit om haar ma in die kliniek en haar pa in die tronk te gaan besoek.

Watter TWEE positiewe gevolge het hierdie besluit van Lien gehad? (2)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

**VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

**HIERDIE DRAMA WORD NIE IN GAUTENG GETOETS NIE**

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

10. Katrien staan steeds buite by die wasgoeddraad en kyk hoe die laaste kompartemente verbygaan. Haar oë volg die kondukteurswa. Sy staan en kyk hoe die trein wegraak. Eers dan, ná nog ʼn paar tellings, draai sy om en loop die huis in. Maar haar kop is by die trein.

KATRIEN *(roep êrens)*: Boetie, die trein is verby. *(Kort pouse.)* Jy gaan laat wees. *(Pouse.)* Moenie vergeet om jou pa te groet nie.

***

Die kind sien die goudgeel skoolbus aankom. Hy wys vir sy pa.

HENDRIK: Ja, ek sien. (*Hy stap heeltyd nader.)* Sê gou. *(Die kind begin wegbeweeg, maar Hendrik gryp sy elmboog.)* Sê gou – sê "tot siens, Pa".

Die bus stop al.
En Willem ruk los en hardloop.

***

Hendrik staan en kyk hoe hy in die bus klim. En die bus ry in die vroeë môrelig in.
Hendrik se gesig is heeltemal uitdrukkingloos.
Die bus is nog nie heeltemal weg nie wanneer ʼn bakkie van dieselfde kant verskyn waar die bus vandaan gekom het. Dis Frans Lombard se groen bakkie. Hendrik sien hoe die bakkie oor die spoor swenk en werf toe ry.
En Hendrik posisioneer homself só dat hy ongemerk kan sien wat op die werf aangaan.

***

FRANS: Môre, Katrien …
KATRIEN: Môre.

6.1 Waar in Suid-Afrika speel die drama af? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


6.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (6.2) en die antwoord neer.

Die hooftema in Paljas is (eensaamheid/geluk). (1)

6.3 Katrien was oorbeskermend teenoor Willem.

6.3.1 Gee EEN voorbeeld wat hierdie stelling bewys. (1)

6.3.2 Hendrik het die oggend saam met die twee kinders aan die ontbyttafel gesit.

Wat het Katrien vir Hendrik gesê? (1)

6.4 HENDRIK: … Sê gou. *(Die kind begin wegbeweeg, maar Hendrik gryp sy elmboog.)* Sê gou – sê "tot siens, Pa". (Reëls 8 – 9)

6.4.1 Sal die manier waarop die kind sy pa gegroet het, normaalweg aanvaarbaar wees? Motiveer jou antwoord. (1)

6.4.2 Op watter manier het die seun sy pa gegroet? (1)

6.5 Hoe het die kinders Willem tydens pouse by die skool behandel? (1)

6.6 Waarom, dink jy, identifiseer Willem eerder met die nar as met sy ouers? (2)

6.7 Hoe het die volgende karakters Willem se lewe later verander?

6.7.1 Manuel (1)

6.7.2 Emma (1)

6.8 Slegs Hendrik het vir Frans en Katrien dopgehou toe Frans by die huis arriveer het. (Reëls 17 – 20)

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.9) neer.

Katrien het haastig opgetree toe sy vir Frans deur die venster sien, want sy ...

A weet Frans bring vir haar iets.
B wil self die deur vir hom oopmaak.
C weet Hendrik gaan hulle twee dophou.
D wil hê alles moet net reg wees as hy kom. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com



6.10 Noem die TWEE dinge wat Frans vir Katrien saamgebring het. (2)

6.11 Watter innerlike konflik ervaar Emma met Frans se besoeke aan haar ma? (1)

6.12 Waarom het Emma aan die begin van die drama nie vir Nollie aanvaar nie? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

112. ʼn Paar bakkies kom na die stasie toe aangery en kom hou op die perron stil waar daar reeds ʼn paar manne buitekant hulle voertuie staan. Hulle staan en rook terwyl hulle die wêreld om hulle bekyk. Almal het gewere by hulle.

***

Die voertuie hou met groot bravade stil: stofwolke, remme, klappende deure. Maar niemand praat nie.

Dan sien hulle Hendrik aangestap kom. Katrien bly staan op die agterwerf. Aan Hendrik se stap sien ʼn mens hy is die duiwel in.

Hulle wag vir hom.

HENDRIK: *(op ʼn afstand)*: Ja? *(Hy kom nader gestap.)* Kan ek iets vir julle doen? *(Hulle staan hom net en bekyk terwyl hy aankom. Ons herken Jan Mol, Sakkie du Toit en ouderling Bothma. Altesaam omtrent tien man.)* Ja, Jan Mol. Ek vrá. *(Hendrik kom staan naby hulle. Die manne begin nader staan na Jan toe wat sy geweer oor sy skouer sit en sy stompie doodtrap.)* Wie gee julle die reg om op my eiendom te kom foeter met so ʼn spul gewere?

JAN MOL: Jou eiendom?

HENDRIK: Dis spoorweggrond hierdie.

JAN MOL: Waar's daardie Beëlsebub?

HENDRIK: Wat se wat?

6.13 Wie het die nar raakgeskiet? (1)

6.14 Op watter dag het die gebeure in die uittreksel plaasgevind? (1)

6.15 Noem TWEE plekke waar die dorpsmanne na die nar gesoek het. (2)

6.16 Watter optrede van Emma, dink jy, kontrasteer met die hele soektogsituasie? (1)

6.17 Wie is die "Beëlsebub"? (Reël 17) (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


6.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.18) neer.

Katrien was bekommerd dat die mans dalk vir Willem kan skiet omdat Willem …

A buite in die veld is.
B sy spraak verloor het.
C soos die nar aangetrek is.
D ook toorkunsies kan doen. (1)

6.19 Hoe het die nar van die mans af probeer wegvlug? (1)

6.20 Die dorpsmense het die nar nie aanvaar nie.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (6.20.1 tot 6.20.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.20.1 | Dominee het Hendrik en Katrien gewaarsku. | A | Twee, drie skote het geklap voordat almal wegry. |
| 6.20.2 | Manuel het die kerk besoek. | B | Die nar het met sy fiets weggevlug. |
| 6.20.3 | Die dorpsmanne het die nar met gewere kom soek. | C | Dominee het die ouderling gevra om hom te verwyder. |
| 6.20.4 | Emma het die nar se klere opgehang. | D | Bose magte kom in verskeie vorms voor. |
| | | E | Willem kan teenoor Hendrik erken dat die nar sy geheim was. |

(4 × 1) (4)

6.21 Volgens Hendrik het die wêreld daarbuite van mense soos hulle verskil.

Vergelyk hierdie twee kante sodat die verskil duidelik is. (2)

6.22 Ouderling Bothma van die kerk was deel van die groep dorpsmanne wat die nar wou skiet.

Wat is ironies omtrent die feit dat die ouderling deel van hiérdie groep was? (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com


6.23 Noem EEN positiewe verandering wat die nar in die McDonalds se lewe gemaak het. (1)

6.24 Waarvan is die windpomp aan die einde van die drama simbolies? (1)
**[35]**

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS M**

BARTA *kom soos 'n gedaante deur die mis aan*.
BARTA: Elias?
ELIAS: Wat is dit nou weer, vrou? Kan julle nie sien ek is besig nie?
BARTA: Was die kind nie hier by jou nie?

***

LANGE: Die Goewerment gaan al die mense in die land laat tel, ons begin solank hier in die Kloof.
FIELA (*met die doodskrik wat deur haar skiet*): En vir wat wil hulle die mense tel?
DIKKE: Tel jy nie saans jou hoenders nie?
FIELA (*op band*)*:* As die wyfie net wil uitbreek en weghol sodat die kinders moet agterna.

***

BARTA: Los hom, Elias.
ELIAS (*ongeduldig*): Groet jou broer en jou suster, Lukas!
TANT GERTJIE: Los die kind, Elias! Hy's verwilder.
*Ligte doof uit en weer in op toneel in Bos*. LUKAS *sit op sy hurke langs die huis*.
NINA: Wil jy 'n patat hê, Lukas?
LUKAS: Nee.
NINA: Kan jy 'n geheim hou?
LUKAS: Watse geheim?
NINA: As jy saam met my kom, gaan wys ek jou die geheim.
LUKAS: Ek gaan nêrens heen nie.
NINA: Jy gaan bobbejaanboude kry van net so sit en sit.
LUKAS: Ek wag vir my ma.
NINA: Pa sê hy gee jou nog net vandag om uit jou nuk te kom.

7.1 Gee TWEE kenmerke van die ruimte waarin hierdie toneel afspeel. (2)

7.2 Wat, dink jy, is Elias se TWEE swakste karaktereienskappe? (2)

7.3 "BARTA *kom soos 'n gedaante deur die mis aan*." (Reël 1)

Wat het Barta makeer? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


7.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.4) en die antwoord neer.

Fiela se gebed toe die sensusopnemers by hulle plaas opdaag, was dat (die sensusmanne betyds sal loop voordat die kinders weer terugkeer huis toe/Benjamin se skuit sal wegdryf sodat hy aanhou soek en wegbly van die huis af). (1)

7.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.5) neer.

Die dag toe die sensusopnemers by die Komoeties opgedaag het, kan beskryf word as die ...

A klimaks.
B ontknoping.
C eksposisie.
D motoriese moment. (1)

7.6 Watter ander sensusinligting, behalwe die aantal inwoners, wou die lang man van Fiela gehad het? Gee DRIE feite. (3)

7.7 Watter onregverdigheid het in die hof gebeur wat daartoe gelei het dat Benjamin se identiteit verander het? Gee TWEE feite. (2)

7.8 "Barta: Los hom Elias." (Reël 12)

Waarom hou Barta aan dat Elias vir Benjamin moet uitlos? (1)

7.9 Hierdie karakters het 'n rol in Benjamin se lewe gespeel.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (7.9.1 tot 7.9.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.9.1 | Het geglo dat werk goed vir 'n mens is | A | Willem |
| 7.9.2 | Het in Benjamin se hart gekruip | B | Fiela |
| 7.9.3 | Het Benjamin as sy eie seun aanvaar | C | Barta |
| 7.9.4 | Het groot pyn in Benjamin se lewe veroorsaak | D | Nina |
| | | E | Selling |

(4 × 1) (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com



Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS N**

FIELA: Ek is Fiela Komoetie van die Lange Kloof. Ek het die sydeur uit die kosyn geklop, maar niemand het my gehoor nie. Ek het gekom om Salomo te spreek.

MAGISTRAAT: Ekskuus?

FIELA: Salomo. Die een van die Bybel. Ek verneem julle hou hom hier iewers aan.

MAGISTRAAT: Luister hier!

FIELA: Ek wil by hom hoor waarom net die een vrou laat kom is toe die kind deurgesny moes word.

****

KAPP: Waar's die kinders, Van Rooyen?

ELIAS: "Weet nie wanneer hulle weer huis kry nie. Hang af. Dié meisiekind van my is mos nes 'n bok oor die Bos. *Mister* kom mos dikwels op die dorp, *mister* moet tog vir my uitluister of daar nie van die Engelse is wat 'n kinderwagter soek nie. Verniet wil ek haar nie graag verhuur nie, maar as hulle haar 'n stukkie klere en so aan gee, sal ons regkom met die prys.

KAPP: Ek sal verneem. (*Pouse*.) Hoe lank skat jy gaan die kinders nog wegbly?

****

NINA: Jy loop sê nie jy het my gekry nie. Ek gee nie langer my geld af nie, vir niemand nie. Pa kan sy gat oplig en vir homself werk. (*Pouse.*)

LUKAS: Ek het eintlik gekom om jou 'n guns te vra.

NINA: Is jy siek, Lukas?

7.10 Fiela het gevra waarom net die een vrou laat kom is toe die kind uitgeken moes word. (Reëls 8 – 9)

7.10.1 Noem Fiela se TWEE argumente waarom sy gedink het dat Benjamin nie Barta se verlore kind kan wees nie. (2)

7.10.2 Fiela het vir die magistraat gesê dat God die mens nie vergewe vir die onreg wat 'n mens 'n kind aandoen nie.

Noem EEN ernstige onreg teenoor kinders in ons moderne tyd. (1)

7.11 Die magistraat het baie streng en ernstig met Fiela gepraat.

Motiveer met TWEE feite waarom hierdie stelling WAAR is. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com


7.12 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.12) en die antwoord neer.

Fiela Komoetie het (magteloos/angstig) gevoel toe sy besef dat die owerhede of stelsel onmenslik is. (1)

7.13 Die magistraat het tog die boswagter Kapp na Elias gestuur.

Watter TWEE dinge wou die magistraat weet? (2)

7.14 Kan ŉ mens die magistraat blameer vir die besluit wat hy geneem het oor Benjamin? Motiveer jou antwoord. (1)

7.15 Hoe kon Lukas se lewe verander het as boswagter Kapp hom daardie dag gesien het? (1)

7.16 Watter skok het Lukas gekry toe hy en Nina uit die bos teruggekeer het? (1)

7.17 "... *mister* moet tog vir my uitluister of daar nie van die Engelse is wat ŉ kinderwagter soek nie." (Reëls 13 – 14)

Noem die TWEE redes waarom Miss Weatherbury vir Nina in diens geneem het. (2)

7.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.18) neer.

Lukas moes nou self ŉ groot besluit in sy lewe neem.

Die ruimte waarin Lukas homself op hierdie stadium van sy lewe bevind het, was die ...

A Lange Kloof en die dorp, Knysna.
B dorp, Knysna en die Knysnabos.
C Knysna, die dorp.
D Knysnabos. (1)

7.19 Vergelyk dit wat in Lukas se lewe gebeur het met Nina se lewe.

Noem TWEE ooreenkomste tussen Lukas en Nina. (2)

7.20 Stem jy saam dat Lukas teen die einde van die drama steeds net liefde teenoor Fiela gevoel het? Motiveer jou antwoord. (1)

7.21 Wat is die hooftema in Fiela se kind? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**b.o.**

Downloaded from Stanmorephysics.com



## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale.

### VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

8.1 **"OOM DRIES SE SORGE MET JANTJIE" – Felicia Goosen**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS O**

"Vannag word ons lammers weer verskeur," sê oom Thysie en sit sy geweer moedeloos terug in die geweersak. Die verhekste rooikat het weer paaie om hulle geloop. Almal pak op om maar huis toe te gaan, net Groot Dawid staan nog rond.
Toe skielik brand hy sommer uit frustrasie los op ŉ groot bobbejaanwyfie in die wildevyeboom. Dis eers toe hulle by die dooie bobbejaan kom, dat hulle die grys bondeltjie onder haar pens gewaar.

***

"Jantjie!" skree oom Dries en vlie vervaard op. Hy draf haastig oor die gras in die swaai se rigting, maar hy trap ŉ lang uitloopsel raak, struikel en slaan neer. Sy groot lyf bly ŉ paar sekondes lank net so lê. Hy skud die gras van sy klere af en kyk op na die swaai. Daar is geen teken van bobbejaan se kind nie. Die swaai hang doodstil in die wit maanlig. Oom Dries voel aardig. Hy kon sweer ...

"Dries, kry jou kop in rat. Jy's sommer besimpeld," praat hy met homself.

Hy stap by die agterdeur in en sit die ketel op die Aga vir koffie.

Tien dae later moet hy kerkraadsvergadering toe op die dorp en kom eers teen sterk donker terug. By die stoeptrappies steek hy vas. Net sowat twintig treë van hom af op die gras, is die duidelike silhoeët van ŉ bobbejaan.

8.1.1 Wie is die hoofkarakter in die kortverhaal? (1)

8.1.2 Hierdie kortverhaal speel op ŉ plaas af.

Wat is die naam van die plaas? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com



8.1.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.3) neer.

Die toon van hierdie kortverhaal is ...

A hartseer.
B opgewek.
C vertellend.
D humoristies. (1)

8.1.4 Oom Dries word voorgestel as ŉ saggeaarde man.

Gee TWEE feite om die stelling te bewys. (2)

8.1.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (8.1.5) en die antwoord neer.

"Die verhekste rooikat het weer paaie om hulle geloop." (Reëls 2 – 3)

Die woord "verhekste" is ŉ voorbeeld van ŉ (hiperbool/ eufemisme). (1)

8.1.6 Wat is die motoriese moment in die kortverhaal? (1)

8.1.7 Jantjie het later aggressief begin optree.

Wat het Jantjie aan Sofie gedoen? (1)

8.1.8 Oom Thysie het vir Jantjie geskiet.

Vertel wat gebeur het dat oom Thysie Jantjie geskiet het. Gee DRIE feite. (3)

8.1.9 Wat het oom Thysie aan oom Dries erken toe hulle by die motorhek ontmoet en ŉ pypie rook? Gee TWEE feite. (2)

8.1.10 Oom Dries het vir Jantjie ŉ swaai gemaak.

Op watter manier was Jantjie se swaai selfs na sy dood nog belangrik vir oom Dries? Gee TWEE feite. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com



8.1.11 Een van die temas van hierdie kortverhaal is hoe goedbedoelde dade soms noodlottige gevolge kan hê.

Hoe word hierdie tema in die verhaal uitgebeeld? Gee TWEE feite. (2)

8.1.12 Dink jy oom Dries het die regte ding gedoen toe hy vir Jantjie gered het? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

8.2 **"DIE WELDOENER" – T.T. Cloete**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

So een wat laat in die aand alleen op die strand gaan loop, is Gawie, ŉ komponis, koordirigent en sangdosent aan die Marin Marais-konservatorium, bowendien ook orrelis van die gemeente waar hy tuishoort. Al sy mense is al aan die slaap. Moeg van lees, besluit hy om langs die see te gaan stap.

Alles en almal in die stranddorp is stil. Doodstil. Ook die jongmense wat gedans het en gedrink het en lawaai gemaak het, is al stil. Net hier en daar in ŉ strandhuis brand nog lig.

***

Die seun is meer dronkgeslaan as dronk. Gawie kan hom nie vra om nou, hier in die donker, te sing nie. Hy wil graag hoor hoe die seun sing, hy wil hom graag help, hy sou graag vir hom wil sê: jy sing pragtig, jy hét dit. Maar hy het tog troos vir die seun: As hy hom saam met die troos op ŉ bedekte manier na sy eie konservatorium toe nooi, kan hy vir hom iets doen.

"Meerderes lag nie vir minderes nie; die meerdere het medelye met die mindere. Dit is die minderes wat lag.

***

"Goeienag. Slaap lekker. Ek gaan jou klere in die badkamer afspoel en oor die wasgoeddraad hang. Sê more vir jou ma jy het in die see geval. Ek trek alle deure agter my toe."

8.2.1 Wat is die naam van die vakansiedorp waar die kortverhaal afspeel? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com



8.2.2 Gawie het iemand op die strand sien lê en het nader gegaan.

Gee TWEE feite om te verduidelik waarom Gawie besluit het om dit te doen. (2)

8.2.3 By watter instansie wou die jong man wat Gawie op die strand gevind het, musiek gaan studeer? (1)

8.2.4 Die jong man het baie respek vir die Marin Marais-konservatorium gehad.

Motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

8.2.5 "Meerderes lag nie vir minderes nie; ..." (Reël 15)

Na wie verwys die "meerderes" en die "minderes" in die aanhaling? (2)

8.2.6 Die jong man se aand het nie uitgedraai soos wat hy dit sou wou hê nie.

Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die kortverhaal gebeur het, neer.

- Die jong man het op die strand agtergebly.
- Die jong man was by 'n partytjie saam met bekende en onbekende mense.
- Die jong man het seergekry.
- Die jong man se talent is bespot. (4)

8.2.7 Voltooi die volgende paragraaf deur elke keer net EEN WOORD in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord langs die vraagnommer 8.2.7(a) en 8.2.7(b) neer.

Die jong man wou nie hê dat Gawie hom huis toe moet vat nie omdat hy bang was dat sy pa hom gaan 8.2.7(a) ... . Gelukkig het sy pa so hard 8.2.7(b) ... dat hy van niks geweet het nie. (2)

8.2.8 Wat, dink jy, het Gawie motiveer om die jong man te help? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


8.2.9 "Ek trek alle deure agter my toe." (Reël 19)

Wat dink jy is die:

(a) denotatiewe betekenis van Gawie se laaste woorde aan die jong man? (1)

(b) konnotatiewe betekenis van Gawie se laaste woorde aan die jong man? (1)

8.2.10 As jy die jong man was, sou jy toegelaat het dat 'n vreemdeling jou help soos wat Gawie die jong man gehelp het? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende gedigte.

### VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

9.1 **"BOEKMERK" – Marlise Joubert**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**BOEKMERK – Marlise Joubert**

kinders
met wange soos mossies
wat teen elke oggend stoei
hande altyd woerende vlerke
elke lyfie 'n seilende gesang –
    vlak bo die waterspieël
    van 'n klipvloergang

vlytig stort die druppels klank
oor haar uit totdat sy verbaas
die reuk van bittersoet jasmyn
uit haar skooljare proe
waar sy ook kon mor
en protesteer:

    waarom is alles altyd ver
    waarom is alles altyd hier
    waarom moet ek leer
    van optel aftrek deel
    van dooie digters
    uit die toentertyd
    en watter land sit waar
    en waarom draai die son

toe maak sy die dag weer oor –
met elke skoolklok werk sy
namens mossiekind:

    kom ons pars die wind
    met wange soos soldaatjies

    totdat elkeen net die geur
    van jasmyn kan boekmerk
    teen die onheil van ons
    ellelange reis

Downloaded from Stanmorephysics.com


9.1.1 Die titel van die gedig kan ŉ denotatiewe en ŉ konnotatiewe betekenis hê.

(a) Wat is die denotatiewe betekenis? (1)

(b) Wat is die konnotatiewe betekenis? (1)

9.1.2 Haal EEN woord uit strofe 1 aan wat bewys dat kinders nie lus is om soggens wakker te word nie. (1)

9.1.3 Hou jy daarvan om soggens vroeg op te staan vir skool? Motiveer jou antwoord. (1)

9.1.4 Gee TWEE bewyse dat die kindertjies nooit stilsit nie. (2)

9.1.5 Reël 8: "vlytig stort die druppels klank"

Waarvandaan kom die "druppels klank"? (1)

9.1.6 Kies die letterkundige term in KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (9.1.6(a) tot 9.1.6(d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) "met wange soos mossies" (reël 2) | A Inkeping |
| (b) "woerende vlerke" (reël 4) | B Sinestesie |
| (c) "vlak bo die waterspieël/van ŉ klipvloergang" (reëls 6 – 7) | C Metafoor |
| | D Vergelyking |
| (d) "die reuk van bittersoet jasmyn … proe" (reëls 10 – 11) | E Onomatopee |

(4 × 1) (4)

9.1.7 Die juffrou in hierdie gedig het as leerling gelukkige én slegte tye beleef.

Haal EEN woord uit die gedig aan om die stelling te bewys. (Strofe 2) (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


9.1.8 Na watter vakke verwys die volgende aanhalings?

(a) "van optel aftrek deel" (Reël 17) (1)

(b) "en watter land sit waar" (Reël 20) (1)

9.1.9 Die kinders se klagtes in strofe 3 is realisties.

Motiveer waarom die stelling WAAR is. (1)

9.1.10 Wat is die houding van die juffrou in hierdie gedig? (1)

9.1.11 Waarna, dink jy, verwys die "ellelange reis" (Reël 30) waarmee die gedig afsluit? (1)

9.1.12 Wat is die tema van die gedig? (1)

**EN**

9.2 **"EK HET 'N HUISIE BY DIE SEE" – HA Fagan**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**EK HET 'N HUISIE BY DIE SEE – HA Fagan**

Ek het 'n huisie by die see. Dis nag
Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
teenaan die rots waarop my huisie staan
met al die oseaan se woeste krag.
Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,
soos van verlore siele in hul nood
al dwalend, klagend, wat in graf en dood
geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.

My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
Ek hoor dan maar hoe loei die storm daar buite,
Ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
hier binne is dit veilig, warm en dig.

Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
dit is 'n rots waarop my huisie staan.

9.2.1 Wat noem ons die "Ek" in die gedig? (1)

9.2.2 Wanneer speel die gebeure in die gedig af? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


9.2.3 Wat hoor die persoon in reël 2? (1)

9.2.4 Waarteen slaan die golwe? (1)

9.2.5 Wat besit die spreker? (1)

9.2.6 Hoe verskil reël 4 van reël 2? (2)

9.2.7 Wat beteken die vergelyking in reëls 5 tot 6? (1)

9.2.8 Vul die ontbrekende woorde in. Skryf slegs die vraagnommer (9.2.8(a) tot 9.2.8(c)) en die antwoord neer.

Die (9.2.8(a)) … -sintuig word regdeur hierdie gedig beklemtoon. Die toestande (9.2.8(b)) … die huis word in versreëls 1 tot 8 beskryf. ŉ (9.2.8(c)) … van sekere woorde kom voor in versreëls 2, 3, 13 en 14. (3)

9.2.9 Som die toestande wat in reëls 1 – 8 en in reëls 9 – 12 heers, kortliks op. (2)

9.2.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.2.10) neer.

Personifikasie is wanneer ŉ nie-menslike eienskap aan ŉ menslike eienskap gekoppel word soos in ...

A met al die oseaan se woeste krag. (Reël 4)
B Ek hoor die winde huil – ŉ kreun, ŉ klag, (Reël 5)
C soos van verlore siele in hul nood (Reël 6)
D al dwalend, klagend, wat in graf en dood (Reël 7) (1)

9.2.11 Noem EEN rede waarom hierdie gedig ŉ Engelse sonnet is. (1)

9.2.12 Watter optrede van die spreker bevestig sy gevoel van veiligheid in sy huisie? (Reël 13) (1)

9.2.13 Lees reëls 13 – 14.

Wat, dink jy, is die spreker se boodskap in die slot van die gedig? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**

**TOTAAL: 70**

**EINDE**

Downloaded from Stanmorephysics.com

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2021

# NASIENRIGLYNE

**AFRIKAANS EAT VRAESTEL 2 (10022)**

**25 bladsye**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**NASIENRIGLYNE**

1. As ŉ kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en ŉ streep word deur die tweede vraag getrek.

2. As ŉ kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

3. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

4. As ŉ spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

5. By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.

6. As ŉ kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ŉ vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

7. By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.

8. By vrae wat ŉ eie opinie vereis en vrae waar ŉ verduideliking vereis word: Indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.

9. Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit nie korrek nie, mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

10. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

11. By ŉ vraag waar enige GEBEURE in die korrekte volgorde gerangskik moet word, verdien die kandidaat EEN punt per korrekte antwoord mits dit op die korrekte plek staan.

12. Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com



## AFDELING A: ROMAN

**VRAAG 1: *KRINGE IN 'n BOS* – Dalene Matthee**

**HIERDIE ROMAN WORD NIE IN GAUTENG GETOETS NIE.**

**VRAAG 2 *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 2.1 | • Beyers<br>• Haar/Hanna se stiefpa<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |
| | | | |
| 2.2 | • Beyers het vir haar 'n bundel sonnette (vir haar verjaarsdag) gekoop.<br>• Haar ma het elke jaar (met haar verjaarsdag) vir haar 'n boek gekoop. | (2) | 3 |
| | | | |
| 2.3 | • Hanna het gevoel/gedink daar is niks in die kamer wat haar inspireer nie, maar<br>• sy skryf juis 'n gedig oor die niks.<br>(Albei kante moet genoem word vir 2 punte, dus 2 of 0) | (2) | 4 |
| | | | |
| 2.4 | • D<br>• aanvaarbaar danksy die mooi natuur van die omgewing.<br>• D aanvaarbaar danksy die mooi natuur van die omgewing.<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |
| | | | |
| 2.5.1 | • Hanna se kamer is net so eenvoudig soos die res van die huis.<br>• Daar was niks luuks in Hanna se kamer of in die vakansiehuis nie.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| 2.5.2 | • Die kamer was baie klein.<br>• Die kamer laat vir Hanna vasgevang voel.<br>• As Hanna alleen wou wees, was sy beperk tot haar kamer.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 2.6 | • Hanna hou niks van die plek nie.<br>• Hanna voel bitter omdat sy saam met haar gesin daar moet vakansie hou.<br>• Hanna het 'n **negatiewe** houding (oor die plek) gehad.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 2.7.1 | Hanna was ontevrede oor haar ...<br>• (hele) lewe.<br>• voorkoms. | (2) | 3 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 2.7.2 | • Hanna het begin om Fabienne se lewensverhaal te skryf.<br>• Hanna het vir haar ŉ alterego geskep.<br>• Hanna het begin skryf/dig.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.7.3 | Ja.<br>• Hanna hou nie van so ŉ groot familie nie.<br>• Hanna het te min privaatheid.<br>• Hanna se pa bly nie by hulle nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>• Hanna behoort gelukkig te wees om so ŉ groot gesin te hê.<br>• Hanna se ma is lief vir haar.<br>• Hanna behoort gelukkig te wees, want haar gesin is met vakansie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 2.8.1 | • B<br>• Mana<br>• B Mana<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 2.8.2 | • E<br>• Beyers<br>• E Beyers<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 2.8.3 | • A<br>• Yann<br>• A Yann<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 2.8.4 | • C<br>• Gavin<br>• C Gavin<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 2.9.1 | Hanna | (1) | 2 |
| | | | |
| 2.9.2 | Die koningin (Margot) is ...<br>• Yann en Amos se ma.<br>• Hanna se stiefpa/Beyers se eerste vrou. | (2) | 3 |
| | | | |
| 2.9.3 | Die koningin (Margot) ...<br>• maak die spreker (Hanna) mooi.<br>• komplimenteer die spreker (Hanna).<br>• gee vir die spreker (Hanna) ŉ besondere verjaardaggeskenk.<br>• help Mana met die geboorte van haar baba.<br>(Enige DRIE) | (3) | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 2.9.4 | • Die vakansie was bedoel as Beyers (Margot se eksman) en Mana se wittebrood.<br>• Dit was Beyers se eerste vakansie saam met sy (nuwe) (saamgestelde) gesin.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.10.1 | • Margot het gedink Jordan sal beter op ŉ rolprentskerm lyk.<br>• Sy het probeer om (in Amerika) ŉ suksesvolle aktrise te word.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.10.2 | Ja.<br>• ŉ Persoon met ŉ Afrikaanse naam sal nooit in die buiteland sukses kan bereik nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>• Elke mens moet trots wees op sy/haar naam en altyd sy/haar naam behou.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | |
| 2.11.1 | Hanna se alterego | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.11.2 | • Die spreker (Hanna) het saam met haar familie gaan vakansie hou en dit begin geniet.<br>• Die spreker het nie meer ontvlugting nodig gehad nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.12 | • B<br>• tandarts.<br>• B tandarts.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.13 | • Sharon, Hanna se beste vriendin, kom kuier ook in die huis op die berg.<br>• Margot kom kuier by haar kinders in die huis op die berg.<br>• Gavin sluit hom by die familievakansie aan.<br>• Hanna se nuwe babasussie word gebore. | (4) | 2 |
| | | | |
| 2.14 | • Gavin is gay.<br>• Mana het Gavin slegs gebruik om swanger te raak.<br>• Mana en Gavin het nie ŉ (liefdes)verhouding gehad nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 2.15 | Ja.<br>• Skryf kan vir jou ŉ oplossing tot ŉ probleem bied.<br>• As jy skryf, is jou gedagtes nie by jou probleme nie.<br>• Om te skryf, neem jou na ŉ verbeeldingswêreld.<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>• Jy moet jou probleme hanteer en nie daarvan wegvlug nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | **[35]** |

| VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|
| 4 | 10 | 14 | 5 | 2 |
| 14 | | 14 | 7 | |
| 40% | | 40% | 20% | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

**HIERDIE ROMAN WORD NIE IN GAUTENG GETOETS NIE**

**VRAAG 4 : LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt**

| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 4.1 | • By Deon/sy vriend/klasmaat<br>• By die krieketoefening<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 4.2 | • Daar was nie ’n lekker atmosfeer in die woonstel nie.<br>• Daar was nie altyd genoeg kos om te eet nie.<br>• Hy wou nie dieselfde verantwoordelikheid as Lien dra nie.<br>• Hy wou vry voel.<br>• Hy wou nie met sy ma se drankprobleem gekonfronteer word nie.<br>• Hy wou van die realiteit ontvlug/wegkom.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.3 | onbetrokke ma | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.4 | • Lien het by tant Malie se koffiewinkel/as kelnerin gaan werk.<br>• Sy het (later) by Dirkie en Donovan se haarsalon, Millenium Creations, gewerk.<br>• Lien het (later) op die straathoek gaan bedel. | (3) | 1 |
| | | | |
| 4.5 | • D<br>• onverantwoordelik<br>• D onverantwoordelik<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.6 | • Lien wou nie haar huislike omstandighede met ander bespreek nie.<br>• Lien was skaam vir haar moeilike omstandighede.<br>• Lien wou nie raakgesien word nie.<br>• Lien wou nie die aandag op haarself vestig nie.<br>• Lien wou nie deel word/wees van die nuwe skool nie.<br>• Lien het die nuwe skool gehaat.<br>• Lien was onseker of iemand anders haar situasie sou verstaan.<br>• Lien was onseker of iemand anders haar sou kon help.<br>• Lien het gevoel sy pas nie in by die ander kinders nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 4.7.1 | Dit het Lien gemotiveer om later drama te gaan studeer.<br>• Dit het Lien laat besluit om nie meer in die regte te studeer nie.<br>• Lien het haar verhoogrol uiteindelik geniet.<br>• Drama en die kunste het nou vir haar meer sin gemaak (in terme van ŉ loopbaankeuse).<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.7.2. | (Weird) Maria | (1) | 2 |
| | | | |
| 4.8 | • Lien se pa het bedrog gepleeg.<br>• Lien en haar gesin is in armoede gedompel.<br>• Lien het besluit om self geld te verdien.<br>• Lien se gesin is herenig.<br>(Kandidaat kry 1 punt vir elke gebeurtenis wat in die regte volgorde is.) | (4) | 2 |
| | | | |
| 4.9.1 | ondersteunende | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.9.2 | ontspanne | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.10.1 | Lien en Braam/Hulle het gehoop dat hulle ...<br>• as gesin toe weer normaal sou wees.<br>• verhoudings sou verbeter.<br>• ma sou ophou drink.<br>• ma haar sou regruk.<br>• ma weer haar ou self sou word.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 4.10.2 | • Hulle ma is weer met alkohol/wyn kamer toe.<br>• Lien se ma het haar weer onttrek.<br>• Hulle ma het weer begin drink.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.11.1 | Tibbey | (1) | 1 |
| | | | |
| 4.11.2 | • Tibbey is deur ŉ motor raakgery.<br>• Hy was in ŉ ongeluk.<br>• Hy is in die hospitaal opgeneem (nadat hy deur ŉ motor gestamp is).<br>• Tibbey se bene is beseer (nadat hy deur ŉ motor raakgery is).<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.12 | Lien wou vir Hein vra om vir Tibbey ŉ ...<br>• karretjie te bou.<br>• spesiale rolstoel te bou.<br>• rystoel te bou.<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 4.13 | • Hein het daarvan gehou om met sy hande te werk.<br>• Hein het die dekor vir die toneelopvoering help maak.<br>• Hein se pa het Venter Constructions besit.<br>• Hein se pa sou hom kon help.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.14.1 | • B<br>• Meneer Jooste<br>• B  Meneer Jooste<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |
| | | | |
| 4.14.2 | • D<br>• Tant Malie<br>• D  Tant Malie<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |
| | | | |
| 4.14.3 | • E<br>• Sproet<br>• E  Sproet<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |
| | | | |
| 4.14.4 | • A<br>• Braam<br>• A  Braam<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |
| | | | |
| 4.15 | agterdogtig | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.16 | • B<br>• besef het juffrou Breytenbach weet dat sy gejok het.<br>• B  besef het juffrou Breytenbach weet dat sy gejok het.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.17 | Ek sou ...<br>• dissipline aan die dag gelê het.<br>• vasgebyt het.<br>• professionele hulp gaan soek het (veral vir Ma).<br>• by 'n organisasie aangesluit het (wat tieners help).<br>• op my skoolwerk gefokus het.<br>• positief gebly het.<br>• hard gewerk het.<br>• moed verloor het.<br>• slegs my huistakies verrig het.<br>• by tant Bets gaan bly het.<br>• weggeloop het.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | (2) | 4 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 4.18 | Dit verwys na ...<br>• die moeilike situasie waarin sy was.<br>• die groot verantwoordelikhede wat sy (op haar ouderdom) moes dra.<br>• die volwasse/grootmensskoene wat sy moes volstaan.<br>• haar rol van 'n pa/broodwinner in die huis.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.19 | • Lien was 'n onselfsugtige persoon.<br>• Sy het omgegee vir (ander) mense.<br>• Sy het 'n goeie/sagte hart gehad.<br>• Sy was 'n simpatieke tiener.<br>• Sy het ander graag gehelp.<br>• Lien was 'n liefdevolle persoon.<br>• Lien het nie altyd aan haarself gedink nie.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | (2) | 4 |
| | | | |
| 4.20 | • Lien het vrede gemaak met haar ouers/ma en pa.<br>• Sy het haar ouers (vir hulle foute) vergewe.<br>• Die verhouding tussen Lien en haar ouers is herstel.<br>• Lien se innerlike vrede is herstel.<br>• Sy het begrip vir haar ouers se situasie ontwikkel.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | (2) | 3 |
| | | **[35]** | |

**TOTAAL AFDELING A: 35**

| VLAK 1 | Vlak 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|
| 6 | 9 | 14 | 6 | 0 |
| 15 | | 14 | 6 | |
| 43 % | | 40% | 17 % | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING B: DRAMA**

**VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

**HIERDIE VRAAG WORD NIE IN GAUTENG GETOETS NIE.**

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| | | | |
| 6.1 | In die Karoo | (1) | 1 |
| | | | |
| 6.2 | eensaamheid | (1) | 2 |
| | | | |
| 6.3.1 | Willem slaap in sy ma se slaapkamer.<br>(Of enige geloofwaardige antwoord) | (1) | 2 |
| | | | |
| 6.3.2 | • Katrien waarsku Hendrik om nie vraend na Willem te staar nie.<br>• Katrien waarsku Hendrik om nie heeltyd met ŉ vraende uitdrukking na Willem te staar nie.<br>• Katrien sê Hendrik moet ophou om vraend na Willem te staar.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 6.4.1 | Nee.<br>• Die kind beweeg weg van sy pa af.<br>• Die kind gee sy pa nie ŉ drukkie nie.<br>• Die kind toon geen liefde nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.4.2 | Hy waai vir sy pa. | (1) | 1 |
| | | | |
| 6.5 | • Hulle spot hom.<br>• Die jonger kinders terg hom.<br>• Die jonger kinders/Hulle loop agter hom aan.<br>• Hulle steek tong uit.<br>• Hulle maak geluide.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 6.6 | • Die nar se helder kleure trek Willem meer aan as sy ouers in hul konserwatiewe klere en kleure.<br>• Die kleurryke nar lyk baie meer mens as Willem se ouers.<br>• Willem wil ook soos die nar lyk met helder kleure en nie soos sy vaal ouers nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk gestel)<br>(**Vergelyk** die nar met Willem se ouers. Beide kante moet genoem word.) | (2) | 4 |
| | | | |
| 6.7.1 | Manuel laat Willem weer praat. | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.7.2 | Willem vra Emma om klavier te "speel" – sy eerste woord. | (1) | 3 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 6.8 | Emma hou (ook) vir Frans dop. | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.9 | • B<br>• wil self die deur vir hom oopmaak.<br>• B wil self die deur vir hom oopmaak.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.10 | • Melk<br>• (Rooi) appels | (2) | 1 |
| | | | |
| 6.11 | Verwerping<br>(Of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 6.12 | • Hendrik/Haar pa het probeer om Nollie aan haar af te smeer.<br>• Hendrik/Haar pa wou Nollie aan haar "verkoop".<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.13 | Jan Mol | (1) | 1 |
| | | | |
| 6.14 | Sondag | (1) | 1 |
| | | | |
| 6.15 | • In die skuur<br>• In die huis | (2) | 1 |
| | | | |
| 6.16 | • Emma wat aanhou klavier speel<br>• Emma se aanhoudende klavierspel<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 6.17 | • Die nar<br>• Manuel<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |
| | | | |
| 6.18 | • C<br>• soos die nar aangetrek is.<br>• C soos die nar aangetrek is.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.19 | • Per fiets<br>• Met Willem se fiets<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 6.20.1 | • D<br>• Bose magte kom in verskeie vorms voor.<br>• D Bose magte kom in verskeie vorms voor.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 6.20.2 | • C<br>• Dominee het die ouderling gevra om hom te verwyder.<br>• C Dominee het die ouderling gevra om hom te verwyder.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.20.3 | • B<br>• Die nar het met sy fiets weggevlug.<br>• B Die nar het met sy fiets weggevlug.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.20.4 | • A<br>• Twee, drie skote het geklap voordat almal wegry.<br>• A Twee, drie skote het geklap voordat almal wegry.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.21 | • Die wêreld wil hê dat alle mense moet optree soos die res van die samelewing terwyl die MacDonalds uniek/eienaardig is.<br>• Almal moet optree soos die samelewing daarbuite terwyl Hendrik-hulle op hulle eie is/'n unieke gesin is.<br>(Enige EEN vir 2 punte of soortgelyk) | (2) | 5 |
| | | | |
| 6.22. | • Ouderling Bothma beklee 'n amp in die kerk/is 'n kerkman, maar hy is ook deel van die jagters.<br>• Hy is 'n ouderling in die kerk, maar hy gaan saam om iemand te skiet.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (2) | 3 |
| | | | |
| 6.23 | • Die McDonald-gesin praat weer met mekaar.<br>• Hy maak die verhoudings in die McDonald gesin gelukkiger.<br>• Hy herstel die gesinsverhoudinge.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.24 | 'n Windpomp pomp water – dit is 'n simbool van die lewe. | (1) | 4 |
| | | **[35]** | |

| VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|
| 11 | 3 | 14 | 5 | 2 |
| 14 | | 14 | 7 | |
| 40% | | 40% | 20% | |

Downloaded from Stanmorephysics.com 

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 7.1 | • Dis in die Knysnabos.<br>• Dit is ŉ groot woud.<br>• Daar is olifante in die bos.<br>• Die mense wat daar woon, is houtkappers.<br>• Soms is daar baie digte mis.<br>(Enige TWEE kenmerke) | (2) | 1 |
| | | | |
| 7.2. | • Elias is lui.<br>• Elias is ŉ swakkeling.<br>• Hy is wreed/aggressief.<br>• Hy wil mense na sy eie wil buig.<br>• Hy is selfsugtig.<br>• Hy is onsensitief.<br>• Hy is skelm.<br>• Hy is onbeskaafd.<br>• Hy het geen respek vir enigiemand of enigiets nie.<br>• Hy bejammer homself.<br>• Hy is verbitterd.<br>(Enige TWEE eienskappe) | (2) | 4 |
| | | | |
| 7.3 | • Barta is bekommerd dat die kind weggeraak het.<br>• Barta is bekommerd dat niemand weet waar die kind is nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.4 | Benjamin se skuit sal wegdryf sodat hy aanhou soek en wegbly van die huis af. | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.5 | • D<br>• motoriese moment<br>• D motoriese moment<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.6 | • Die geboortedatums van almal in die huis<br>• Of die gesin enige vorm van geleerdheid het<br>• Wie die eienaar van die grond was<br>• Wat die Komoeties doen om geld te verdien<br>(Enige DRIE of soortgelyk) | (3) | 3 |
| | | | |
| 7.7 | • Barta is deur die Lange/lang sensusman aangesê dat die kind met die blou hemp Benjamin is.<br>• Barta is deur die Lange/lang sensusman aangesê watter kind Benjamin is.<br>• Die magistraat bevind dat Benjamin eintlik Lukas is as gevolg van Barta se leuens.<br>• Fiela was nie toegelaat om saam met Benjamin Knysna toe te gaan om haar weergawe van die storie te gee nie.<br>(Enige TWEE of soortgelyk gestel) | (2) | 3 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 7.8 | • Barta weet dat haar man/Elias die osriem sal uithaal/die kind sal slaan.<br>• Barta wil Lukas teen Elias beskerm.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.9.1 | • B<br>• Fiela<br>• B Fiela<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 7.9.2 | • D<br>• Nina<br>• D Nina<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 7.9.3 | • E<br>• Selling<br>• E Selling<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 7.9.4 | • C<br>• Barta<br>• C Barta<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| 7.10.1 | • Sy wil by die magistraat weet hoe dit moontlik is dat 'n driejarige kind/so 'n klein kindjie tot in die Lange Kloof/so ver kon loop.<br>• Sy wil hê dat Barta moet sê watter klere Lukas aangehad het die dag toe hy weggeraak het.<br>(Of soortgelyk gestel) | (2) | 1 |
| | | | |
| 7.10.2 | • (Kinder)molestering<br>• (Kinder)verkragting<br>• (Kinder)mishandeling<br>• (Kinder)moord<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.11 | • Die magistraat sê dat Barta dadelik die kind uitgeken het (voor getuies).<br>• Die magistraat sê dat die saak afgehandel is.<br>• Hy verbied Fiela om met Lukas kontak te maak.<br>• Hy sal aan die magistraat op Uniondale skryf om Fiela dop te hou.<br>• As Fiela moeilikheid veroorsaak, sal daar stappe teen haar geneem word.<br>• Hy het Fiela 'n keuse gegee: sy kan besluit of sy self gaan loop en of hy die konstabel moet roep.<br>(Enige TWEE) | (2) | 3 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 7.12 | magteloos | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.13 | • Of die kind tevrede is<br>• Of die kind aanpas | (2) | 2 |
| | | | |
| 7.14 | Ja.<br>Die magistraat moes na albei ouers se kant geluister het.<br><br>OF<br><br>Nee.<br>Die magistraat het ŉ besluit geneem gebaseer op hoe Barta haar kind sonder twyfel uitgeken het.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 7.15 | • Kapp kon Benjamin weggeneem het van Elias en sy familie.<br>• Kapp kon Elias van kindermishandeling aankla.<br>• Lukas kon teruggegaan het na Fiela.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 7.16 | Fiela (en Dawid) Komoetie het sy goed gebring. | (1) | 2 |
| | | | |
| 7.17 | • Miss Weatherbury wou hulp in die huis hê.<br>• Miss Weatherbury het gedink dat sy Nina kon ophelp in die lewe/vir Nina goeie maniere kon leer. | (2) | 2 |
| | | | |
| 7.18 | • C<br>• Knysna, die dorp<br>• C Knysna, die dorp<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.19 | • Hulle is albei buitestanders in hulle gesinne.<br>• Hulle altwee moes hulle vertroude omgewing/ruimte verlaat.<br>• Hulle moes albei probeer aanpas by ŉ vreemde omgewing.<br>(Enige TWEE of soortgelyk, maar eenvoudiger gestel) | (2) | 4 |
| | | | |
| 7.20 | Ja.<br>• Lukas/Benjamin is verbitter oor een simpele sin wat Fiela Komoetie soos ŉ mal ding oor die berg laat loop het.<br>• Hy vertel met trots vir John Benn dat hy teruggaan na “sy mense” toe.<br>• Hy het gesê dat hy van hier af as Benjamin Komoetie sal bekendstaan.<br>(Enige EEN of soortgelyk)<br>[Leerders wat “Nee” as ŉ antwoord gee, verstaan die drama nie.] | (1) | 4 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 7.21 | Die mens se soeke na ʼn identiteit | (1) | 2 |
| | | **[35]** | |
| | **TOTAAL AFDELING B:** | | **35** |

| VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|
| 6 | 8 | 14 | 6 | 1 |
| 14 | | 14 | 7 | |
| 40% | | 40% | 20% | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 8: KORTVERHALE**

**VRAAG 8.1: "OOM DRIES SE SORGE MET JANTJIE" – Felicia Goosen**

| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 8.1.1 | • Oom Dries<br>• Jantjie<br>• Oom Thys<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 8.1.2 | Driefontein | (1) | 1 |
| | | | |
| 8.1.3 | • C.<br>• vertellend.<br>• C vertellend.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 8.1.4 | • Hy voel jammer vir die klein bobbejaantjie wat wees gelaat is (nadat sy ma geskiet is).<br>• Hy vat vir Jantjie huis toe.<br>• Hy maak vir Jantjie in sy huis groot.<br>• Hy het Jantjie se stoutighede verdra.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | (2) | 3 |
| | | | |
| 8.1.5 | eufemisme | (1) | 2 |
| | | | |
| 8.1.6 | • Die oomblik wat oom Dries die klein bobbejaantjie/Jantjie in sy sak gesit het en huis toe geneem het.<br>• Toe oom Dries besluit om die klein bobbejaantjie/Jantjie te red.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 8.1.7 | • Jantjie het vir Sofie met sy kosbak gegooi.<br>• Toe Sofie haar rug op Jantjie gedraai het/die kos voor Jantjie neergesit het, het hy haar met sy kosbak (tussen die blaaie) gegooi.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 8.1.8 | • Jantjie het die ondergrondse waterpyp uitgegrawe/stukkend gebyt.<br>• Jantjie het oom Dries se twee vingers verskeur toe hy sy hand uitsteek.<br>• Abraham het vir oom Thysie op die buurplaas gaan haal en oom Thysie het vir Jantjie geskiet.<br>(Of soortgelyk) | (3) | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 8.1.9 | • Hy sien dikwels teen skemer ŉ bobbejaan op ŉ boomstomp by die gruisgat.<br>• Hy het al probeer om deur die bobbejaan te skiet./Sy koeël het niks aan die bobbejaan gedoen nie./Hy het besef dit is nie ŉ gewone bobbejaan nie.<br>• Oom Thysie het die bobbejaan drie maal gesien.<br>• Oom Thysie erken dat hy vir die werkers gevra het om Jantjie se oorskot by die gruisgat te gaan gooi.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | (2) | 3 |
| | | | |
| 8.1.10 | • Oom Dries het Jantjie (een aand) (onderstebo) op die swaai "gesien" (hang).<br>• Hy het Jantjie se oorskot onder die boom by die swaai begrawe. | (2) | 2 |
| | | | |
| 8.1.11 | • Oom Dries het goeie bedoelings gehad toe hy vir Jantjie gered het, maar as gevolg daarvan het hy twee vingers verloor.<br>• Oom Dries het goed bedoel toe hy vir Jantjie gered het, maar dit het net vir hom probleme veroorsaak.<br>(Of soortgelyk) | (2) | 4 |
| | | | |
| 8.1.12 | Ja.<br>• Die klein bobbejaantjie sou in die natuur sonder sy ma doodgaan.<br>• ŉ Mens moet altyd ŉ lewe probeer red.<br>• Oom Dries sou nie met homself kon saamleef as hy nie die klein bobbejaantjie gered het nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>• ŉ Mens moenie met die natuur inmeng nie, (al mag dit wreed voel).<br>• Wilde diere hoort in die natuur/is nie troeteldiere nie.<br>• Hy moes geweet het dat ŉ bobbejaan moeilikheid gaan veroorsaak.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 8.2: "DIE WELDOENER" – T.T. Cloete**

**TEKS P**

| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 8.2.1 | Muisnesbos | (1) | 1 |
| | | | |
| 8.2.2 | • Die persoon se lyf was ontspanne, maar nie gemaklik nie/ in ŉ onnatuurlike posisie.<br>• Dit het gelyk asof die persoon net in sy spore neergestort/geval het en so bly lê het. | (2) | 2 |
| | | | |
| 8.2.3 | • Werner Beck-konservatorium<br>• Werner Beck<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 8.2.4 | • Die jong man het onvleiende dinge oor die Marin Marais-konservatorium gesê.<br>• Die jong man het die onvleiende dinge wat hy gehoor het, gebruik om die Marin Marais-konservatorium te beoordeel.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 8.2.5 | • Meerderes: Die ouer studente wat moontlik in die groep was wat vir die jong man gelag het/Die mense in die groep wat vir die jong man gelag het.<br>• Minderes: verwys na die jong man omdat hy nog moet leer wat die ander reeds weet. | (2) | 3 |
| | | | |
| 8.2.6 | • Die jong man was by ŉ partytjie saam met bekende en onbekende mense.<br>• Die jong man se talent is bespot.<br>• Die jong man het seergekry.<br>• Die jong man het op die strand agtergebly. | (4) | 3 |
| | | | |
| 8.2.7(a) | skiet | (1) | 2 |
| | | | |
| 8.2.7(b) | gesnork | (1) | 2 |
| | | | |
| 8.2.8 | • Gawie sou wou hê dat iemand sy seun bystaan as hy nie na homself kon kyk nie.<br>• Gawie se seun mag dalk eendag in dieselfde situasie as die jong man wees.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 8.2.9(a) | Gawie maak die voordeur toe/sluit as hy uitgaan.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 8.2.9(b) | • Gawie sit die gebeure van die aand agter hom.<br>• Gawie gaan nie die seun se ouers opsoek nie.<br>• Gawie gaan nie weer oor die gebeure praat of dink nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 8.2.10 | Ja.<br>• Partykeer het mens hulp nodig omdat jy nie na jouself kan kyk nie.<br>• Daar is goeie mense wat regtig net wil help.<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>• Jy weet nie wat die persoon wat jou help, se bedoeling is nie.<br>• Party mense wil nie regtig help nie, hulle sal jou misbruik/seermaak wanneer jy weerloos is.<br>(Enige EEN of soortgelyk, maar eenvoudiger gestel) | (1) | 5 |
| | | **[35]** | |

**TOTAAL AFDELING C: 35**

| VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|
| 5 | 10 | 13 | 5 | 2 |
| 15 | | 13 | 7 | |
| 43% | | 37% | 20% | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING D:**

**VRAAG 9: GEDIGTE**

**VRAAG 9.1: BOEKMERK – Marlise Joubert**

| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 9.1.1(a) | Die boekmerk is iets waarmee jy jou plek in ŉ boek hou. | (1) | 3 |
| | | | |
| 9.1.1(b) | Dit is herinneringe/dinge wat jy graag wil onthou. | (1) | 3 |
| | | | |
| 9.1.2 | "stoei" | (1) | 1 |
| | | | |
| 9.1.3 | Ja.<br>• Die oggende is vars.<br>• Dan is my dag soveel langer.<br><br>OF<br><br>Nee.<br>• Dan is my dag (hopeloos) te lank.<br>• Dan is ek te moeg.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 9.1.4 | • "woerende vlerke"/Hulle hande beweeg die hele tyd soos voëls se vlerke.<br>• "seilende gesang"/Die lyfies beweeg die hele tyd. | (2) | 2 |
| | | | |
| 9.1.5 | die gesange/gesing van die kinders | (1) | 3 |
| | | | |
| 9.1.6(a) | • D<br>• Vergelyking<br>• D Vergelyking<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |
| | | | |
| 9.1.6(b) | • E<br>• Onomatopee<br>• E Onomatopee<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |
| | | | |
| 9.1.6(c) | • A<br>• Inkeping<br>• A Inkeping<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |
| | | | |
| 9.1.6(d) | • B<br>• Sinestesie<br>• B Sinestesie<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |

Downloaded from Stanmorephysics.com



| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 9.1.7 | "bittersoet" | (1) | 3 |
| | | | |
| 9.1.8(a) | Wiskunde | (1) | 2 |
| | | | |
| 9.1.8(b) | Aardrykskunde/Geografie | (1) | 2 |
| | | | |
| 9.1.9 | • Dit is die tipiese goed waaroor die meeste kinders altyd kla.<br>• Kinders wil weet waarom hulle sekere werk/vakke moet doen.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 9.1.10 | Die juffrou is ...<br>• positief.<br>• gaaf.<br>• aangenaam.<br>• liefdevol.<br>• hardwerkend.<br><br>Die juffrou ...<br>• maak elke dag oor.<br>• werk namens die kind.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 9.1.11 | Dit verwys na ...<br>• die/jou lewe.<br>• jou lewensreis.<br>(Enige EEN) | (1) | 4 |
| | | | |
| 9.1.12 | • Maak elke dag spesiaal sodat jy dit altyd kan onthou.<br>• Dis belangrik om altyd voluit te lewe.<br>• Haal die beste uit elke dag.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| | | | **[18]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 9.2: "EK HET ʼn HUISIE BY DIE SEE" – H.A. Fagan**

| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| | | | |
| 9.2.1 | Die spreker | (1) | 2 |
| | | | |
| 9.2.2 | In die nag | (1) | 1 |
| | | | |
| 9.2.3 | Die golwe wat slaan | (1) | 1 |
| | | | |
| 9.2.4 | Teenaan die rots | (1) | 1 |
| | | | |
| 9.2.5 | ʼn Huisie (by die see) | (1) | 1 |
| | | | |
| 9.2.6 | • Reël 2 – Jy hoor net die golwe./Die reël verwys net na golwe.<br>• Reël 4 – Jy kan die oseaan se woeste krag sien./Die reël verwys na die oseaan. | (2) | 3 |
| | | | |
| 9.2.7 | • Die geluid van winde wat waai/huil klink soos verlore siele in nood.<br>• Verlore siele klink soos die wind wat huil.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 9.2.8(a) | gehoor-/gehoorsintuig | (1) | 3 |
| | | | |
| 9.2.8(b) | buite | (1) | 1 |
| | | | |
| 9.2.8(c) | herhaling | (1) | 3 |
| | | | |
| 9.2.9 | • Reëls 1 – 8 : stormagtige toestande buite<br>• Reëls 9 – 12: kalm toestande binne<br>(Of soortgelyk) | (2) | 2 |
| | | | |
| 9.2.10 | • B<br>• "Ek hoor die winde huil – ʼn kreun, ʼn klag" Reël 5<br>• B "Ek hoor die winde hul – ʼn kreun, ʼn klag" Reël 5<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 9.2.11 | • Dit bestaan uit 3 kwatryne en ʼn rymende eindkoeplet.<br>• Dit bestaan uit 14 versreëls en word met twee rymende slotreëls afgesluit.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 9.2.12 | • Die spreker nooi die weer en wind en die oseaan uit.<br>• Die uitnodiging "kom weer en wind, kom oseaan –" (reël 13).<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| NR. | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 9.2.13 | Denotatief:<br>• Die spreker is nie bang nie.<br>• Die spreker se huisie staan vas op die rots.<br>• Die spreker ervaar nie vrees nie.<br><br>Konnotatief:<br>• Enigiets kan met die spreker/'n mens gebeur solank jy sterk staan (in jou geloof).<br>• As jy 'n goeie fondasie/opvoeding in die lewe gekry het, kan jy ver in die lewe kom.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | **[17]** |
| | | | |

**TOTAAL AFDELING D: 35**

| | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| **GEDIG 1** | 1 | 7 | 7 | 3 | 0 |
| **GEDIG 2** | 5 | 3 | 6 | 2 | 1 |
| | 16 | | 13 | 6 | |
| | 43% | | 37% | 20% | |

**TOTAAL: 70**